

# SKADUWEE EN BESKUTTING

## Wes-Kaap Gevallestudie

*Deur Abraham Landman, Produksie Adviseur Weskaap – Mei 2014*

---

Skaduwee en beskutting bied verskeie voordele aan 'n wolskaap. Die belangrikheid van skaduwee is onlangs tydens 'n NWKV gespreksforum van 'n klompie Swartland produsente uitgelig en prakties gedemonstreer tydens 'n toer om lamstelsels in die Malmesbury omgewing te besigtig.

Skape word aan natuur-uiterstes blootgestel, veral in waar aangeplante weidings beweï word. Lande het normaalweg nie genoeg beskutting en skuiling nie. Die somers is warm en die dae lank, terwyl die winters nat is met lae temperature en koue winde. Beide situasies kan tot noemenswaardige produksie-verliese aanleiding gee.

Die optimale temperatuur-reeks vir goeie skaapproduksie lê tussen 4°C en 24°C. Die maksimum temperatuur vir volwasse skape is 32°C en vir groeiende lammers 25 °C, waarna produksieverliese verwag kan word.

*Regs: Tipiese Swartland plaas met byna geen skaduwee*



Die verskaffing skaduwee is noodsaaklik om skape teen hoë temperature en blootstelling aan die son te beskerm. Skape wys hulle kry swaar deur byvoorbeeld selde in die warm middagure te wei of deur te poog om in mekaar se skaduwee te staan. Lammers gaan lê teen die kante van krippe en voerbakke om verligting te soek.

Wolvesels word deur oormatige sonlig beskadig. Die skade kom hoofsaaklik op die rug voor, maar ander dele van die vag kan ook aangetas word. Die gevolg is dat die wol oneweredig kleur as gevolg van die vervilting van die verweerde wol. Hittestres kan ook tot 'n afname in wolproduksie van tot 30% per skaap lei. In die somermaande is dit veral belangrik om vanaf November tot Februarie skaduwee te verskaf. Koue winde en gepaardgaande reën, veral tydens lam kan tot groot lam- en produksieverliese lei. Beschutting teen hierdie element verminder hierdie verliese aansienlik. In Australië het eksperimente getoon dat skape in beskutte kampe 'n beter gewigstoename van tussen 8-25% teenoor skape in onbeskutte kampe vertoon.

## Tipes skuilings



*Tydlike, verskuifbare kunsmatige skadu*  
*Natuurlike skuilings*

Daar is min boomskuilings in die Swartland, wat aantoon dat produsente tot dusver onsuksesvol was om hulle te vestig of nie voldoende aandag aan skaduwee gegee het nie. 'n Navorsingverslag toon dat die gemiddelde dagtemperatuur in die Wes-Kaap teen 2050 met tot 4 tot 5°C kan styg met gevolglike verhoogde hittestres op diere. Dit is dus belangrik om nou al 'n begin te maak en voorsiening te maak vir skaduwee en skuilings. Bome langs lyndrade, naby waterpunte en in leegtekampies moet 'n langtermyn mikpunt wees al benodig dit versorging in die jong groeistadium. *Ficus natalensis* (Natal vy) en *Ficus natida* werk goed. Dit is egter belangrik om te kyk watter bome pas goed aan in die omgewing. Kunsmatige skuilings kan as 'n vinnige reaksie-maatreël gebruik word.

## Lamhokke & Lamkampies

Skadu en beskutting vir lamhok- of kleinkampie-stelsels is uiters noodsaaklik vir die sukses daarvan. Hittestres verlaag voer-inname, groei en reproduksie. Lamme wat gebore word waar skaduwee beskikbaar is, is meestal swaarder by geboorte. Navorsing in die Swartland toon byvoorbeeld dat hierdie lamme tot soveel as 3.8% swaarder by speen is.



*'n Laning bome by klein lamkampies*

*waarin groepies ooie geplaas word om te lam. Indien bome nie beskikbaar is nie, verskaf kunsmatige skaduwee soos skadunet.*